Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**INTERMEDIÊRE FASE**

# GRAAD 6

# NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL V3
# NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 30**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 4 bladsye.

**Algemene Assesseringsriglyne**

**AFDELING A: OPSTEL – KREATIEWE TEKS**

Afdeling A word volgens die rubriek uit 20 geassesseer. Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp skryf.

**VERHALENDE OPSTEL** – Hou die volgende in gedagte:
- Hierdie opstel gaan oor iets wat gebeur en vertel word.
- Dit het 'n sterk storielyn.
- Die opstel is boeiend, interessant, dit ontwikkel logies en dit is samehangend.
- Die verhaal kan fiktief of uit eie ervaring wees.
- Inleiding is treffend en boei die leser.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**BESKRYWENDE OPSTEL**: Hou die volgende in gedagte:
- Waarnemings en 'n goeie woordeskat.
- Eie gevoelens oor die beskrywing kan gegee word.
- Plekke en karakters word akkuraat en duidelik beskryf.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

| Kriteria | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Toepaslike Inhoud** | Inhoud nie van toepassing. Geen samehang. Idees vervelig. Swak aanbieding. | Inhoud nie altyd duidelik. Samehang ontbreek. Herhaling van sinne. | Inhoud toepaslik geskik. Voldoende samehangend. Oorspronklik en relevant. Bevredigende opstel. | Inhoud baie oorspronklik. Verbeeldingryk. Interessant en samehangend. |
| **Taalgebruik en styl** | Swak taalgebruik. Storie vol foute. Woordkeuse beperk. Inspanning om te lees. | Taalbewustheid beperk. Taal beperk en eenvoudig. Heelwat in storie. | Gemiddelde taalgebruik. Woordkeuse voldoende. Foute nie oorheersend nie. | Goeie taalgebruik. Kreatiewe idees. Storie min foute. |
| **Spelling en punktuasie** | Baie spelfoute en swak gebruik van leestekens. | Spelfoute nie meer so oorheersend nie. Redelike gebruik van leestekens. | Leestekens op regte plekke in sinne. Spelfoute minimaal. | Korrekte gebruik van spel en leestekens. Enkele foute in storie. |
| **Sinsbou en paragrawe** | Geen paragrawe. Onderwerp nie aangeraak nie. | Swak sinne poging om paragrawe te gebruik is minimaal. | Redelike sinne en paragrawe. Logiese en duidelike sinne. | Puik sinne. Uitstaande en briljant saamgestel. |
| **Lengte van sinne** | Te kort. Min sinne. 1–2 paragrawe. | Te min paragrawe. 3–4 paragrawe | 5–7 paragrawe. Lengte korrek. | Lengte en woorde korrek in ooreenstemming met vereiste van onderwerp. |

**TOTAAL AFDELING A: [20]**

## AFDELING B: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Word volgens die rubriek uit 10 en volgens die onderstaande rubrieke geassesseer.

### VRAAG 2.1: DAGBOEKINSKRYWING – hou die volgende ingedagte.

- Een inskrywing per dag moet geskryf word.
- Die inskrywing moet gedateer wees. Daar is ŉ dag en datum vir elke inskrywing wat gemaak is.
- Die inskrywing word in ŉ eerstepersoon-verteller geskryf.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.
- Persoonlike gevoelens oor hoe jy voel nadat jou maat jou beskuldig het.
- Die skrywer skryf vir hom- of haarself.

### VRAAG 2.2: INSTRUKSIETEKS – hou die volgende in gedagte.

- Skryfstuk kan puntsgewys wees of aandagkolle kan gebruik word.
- Duidelike, logiese en verstaanbare instruksies moet gegee word.
- Subhofies moet wees: Benodigdhede en Metode.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens en taalgebruik moet aandag geniet.
- Daar moet ŉ opskrif wees.
- Sinne word kort en kragtig geformuleer.
- Instruksies is kort en kragtig.

### VRAAG 2.3: DIALOOG – hou die volgende in gedagte.

- Dialoog vorm moet gebruik word.
- Alle name van die karakters moet langs die linkerkantlyn geskryf word.
- Dubbelpunte moet na die naam van die persoon wat praat, geskryf word.
- Geen aanhalingstekens word gebruik.
- Ander tersaaklike inligting word tussen hakies geskryf.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens en taalgebruik moet aandag geniet.
- ŉ Nuwe reël moet vir elke spreker gebruik word.

Kopiereg voorbehou

## RUBRIEK VIR DIALOOG

| **Lengte van skryfstuk** | Punte toegeken | Maksimum punt |
|---|---|---|
| • Kreatiwiteit: oorspronklike sinne: 8–10 sinne<br>• Paar oorspronklike sinne: 5–7 sinne<br>• Min sinne: 1–4 sinne | 3<br>2<br>1 | [3] |
| **Dialoogformaat** | | |
| • Korrekte formaat van werk is netjies en duidelik aangebied.<br>• Poging aangewend om in korrekte formaat te skryf, bv. name van sprekers langs kantlyn ens.<br>• Nalatige werk, geen dialoogvorm, slegs sinne. | 3<br>2<br>1 | [3] |
| **Boodskap** | | |
| • Kreatief en interessante sinne met spesifieke inligting.<br>• Onderwerp goed hanteer.<br>• Bevredigende sinne.<br>• Geen skakel met onderwerp. | 4<br>3<br>2<br>1 | [4] |

**Assesseringsrubriek**: **KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

2.1 **DAGBOEKINSKRYWING**
2.2 **INSTRUKSIETEKS**

| KRITERIA | Uitsonderlik 5 | Knap 4 | Gemiddeld 3 | Elementêr 2 | Onvoldoende 1 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Inhoud en formaat** Reaksie op idees in teks, formaat van teks | Uitstaande reaksie, bo verwagting. Skryfstuk behou fokus en op die punt af. Inhoud en idees samehangend en akkurate formaat. | Baie goeie reaksie; behou fokus; gepaste formaat; toon goeie kennis van kenmerke van teks. Inhoud en idees samehangend, uitgebreid. | Reaksie voldoende: toon kennis van kenmerke van die teks. Enkele afwykings. Inhoud ens. Idees redelik. Formaat gepas, maar enkele afwykings aanwesig. | Reaksie basies; geringe kennis van kenmerke van teks. Baie min detail in teks. Onseker van formaat. | Reaksie toon geen kennis van kenmerke van teks. Betekenis is onduidelik. Geen samehang van idees. Formaat nie toegepas. |
| **Taal en styl** Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir die doel. Woordkeuse, punktuasie, taalgebruik en konvensies, punktuasie | Hoogs geskikte toon, register, styl en woordeskat. Geen grammatikale foute. Foutlose skryfstuk. | Geskikte toon, register, styl woordeskat. Grammatika korrek; goeie skryfstuk foutloos. | Geskikte toon, register, styl, woordeskat. Enkele grammatikale foute, egter nie belemmerend. | Toon, register, styl, woordeskat, pas nie altyd by doel, gehoor en konteks nie. Betekenis onduidelik. Grammatika onakkuraat. | Toon, register, styl, woordeskat nie geskik vir doel. Besaai met foute. Onduidelike betekenis. |
| **Punte** | **5** | **4** | **3** | **2** | **1** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**
**GROOTTOTAAL: 30**